

Rapporteerbaar:	Ja / Nee
Sirkuleer onder Regters:	Ja / Nee
Sirkuleer onder Landdroste:	Ja / Nee
Sirkuleer onder Streeklanddroste:	Ja / Nee

**IN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA
(Noord-Kaap Afdeling, Kimberley)**

Saak No: **1637/2014**
Saak Aangehoor: **12/08/2015**
Datum gelewer: **21/08/2015**

In die saak tussen:

FREDERICK LODEWICUS VAN DER MERWE

Applikant

en

LOUISE ELLEN DANIELZ NO

1ste Respondent

IAN VALENTYN VAN DER MERWE

2de Respondent

FINLAC TRUST BEPERK NO

3de Respondent

FRANKEL ENGELBRECHT

4de Respondent

MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF, KIMBERLEY

5de Respondent

REGISTRATEUR VAN AKTES, KIMBERLEY

6de Respondent

Coram: Olivier R

UITSPRAAK

Olivier R:

A. AGTERGROND

[1]. Wyle Dr I V Van der Merwe ("*die testateur*") het gedurende 2007 saam met sy vrou Me J C H Y Van der Merwe ("*die testatrise*") 'n testament verly. Die tersaaklike bepalings van die testament, in die geval waar die testateur eerste te sterwe sou kom, was:

- 1.1 dat, die testateur se plaas Onder-Ongeluk ("*die plaas*"), sy lewendehawe en die toerusting, gereedskap en losgoedere van sy boerdery sou gaan aan 'n testamentêre trust ("*die Trust*"), met lewenslange vruggebruik van die bates vir die testatrise;
- 1.2 dat, by afsterwe van die testatrise, hulle seuns Frederick Lodewicus van der Merwe ("*die applikant*") en Ian Valentyn van der Merwe ("*die tweede respondent*") vir twee jaar vruggebruik sou hê oor die plaas en die gemelde goedere; en
- 1.3 dat, by verstryking van die gemelde twee jaar periode, die Trust beëindig moes word en "*die kapitaal van die trust, soos dit dan daar uitsien*" aan die applikant en die tweede respondent "*betaal*" moes word.

- [2]. Die restant van die testateur se boedel sou dan aan die testatrise gaan.
- [3]. Die testateur is in Julie 2007 oorlede. Die derde respondent, Finlac Trust Beperk, was ingevolge die testament die aangewese eksekuteur in die boedel van die testateur en het op sy beurt die eerste respondent, Me L E Danielz, genomineer as eksekutrise. Daar sal geriefshalwe soms hierin na die eerste en derde respondente gesamentlik verwys word as "*die eksekuteur*".
- [4]. Alhoewel die derde respondent in die testament ook aangewys is as die trustee van die Trust, het dit verkies om nie so aangestel te word nie. Twee ander persone is toe as trustees aangestel. Beide van hulle het later bedank en uiteindelik is die vierde respondent, Mnr Frankel Engelbrecht, 'n prokureur van Engelsman Magabane Ing te Kimberley, aangestel as klaarblyklik tans die enigste trustee van die Trust.
- [5]. Die testatrise is gedurende Februarie 2010 oorlede. Dit beteken dat die applikant en die tweede respondent se vruggebruik van die plaas en die boerderybates toe 'n aanvang geneem het en dat hulle vruggebruik in Februarie 2012 sou afloop, die Trust dan beëindig moes word en die Trust se kapitaal dan aan die applikant en die tweede respondent uitbetaal sou moes word.

- [6]. Die plaas en boerderybates is egter nooit in praktyk aan die Trust oorgedra nie. Die rede hiervoor is dat die eksekuteur reeds gedurende 2009 aangedui het dat daar 'n kontanttekort was in die testateur se boedel wat eers aangesuiwer moes word.
- [7]. Dit is onduidelik of daar ooit uit die testatrise se boedel 'n bydrae was om enige kontanttekort wat in die testateur se boedel mag bestaan het, te verminder. Op die stukke bestaan daar 'n dispuut oor of daar ooit oorweeg of gepoog is om die roerende goedere¹ van die testateur te verkoop om die kontanttekort te verminder. Inteendeel, die applikant betwis dat daar 'n kontanttekort bestaan het soos gedurende 2009 in 'n skrywe voorgehou deur die eksekuteur.
- [8]. Op die oog af wil dit voorkom asof daar wel later 'n aansienlike kontanttekort in die testateur se boedel was, minstens weens uitstaande belastings. Of die waarde van die testateur se roerende goedere, indien gedwonge verkoop, genoeg sou gewees het om daardie uiteindelijke tekort uit te wis, is ook in dispuut tussen die applikant, die eksekuteur en die tweede respondent.
- [9]. Soos wat hieronder sal blyk, is dit egter uiteindelik nie nodig om nou oor hierdie dispute te beslis nie². Die feit is ook in elk geval dat die applikant en die tweede respondent uiteindelik elk op uitnodiging

¹ Eerder as die plaas.

² Ek volstaan met die opmerkings dat die applikant in fundering meer gehandel het met die vraag of daar ten tye van die eksekuteur se brief van 2009 'n kontanttekort was, as met die vraag of daar later een was toe die besluit geneem is om die plaas te verkoop, en dat die applikant se aanval op die 2009 skrywe in fundering geskoei was op inligting wat ná daardie brief dateer het.

van die eksekuteur en die Meester van hierdie Hof (die vyfde respondent) aanbiedinge gemaak het om die plaas te koop ten einde so die kontanttekort aan te spreek.

- [10]. Nie een van die aanbiedinge is aanvaar deur die eksekuteur nie. Of dit geldige en afdwingbare aanbiedinge was, en of so 'n aanbod nie alleen deur die eksekuteur nie, maar ook deur die ander seun aanvaar moes word, is eweneens in dispuut. Die feit is egter dat daar 'n ooreenkoms bereik kon word oor die verkoop van die plaas en die boerderybates nie.
- [11]. Die eksekuteur het toe die Meester versoek om ingevolge artikel 47(b) van die Boedelwet³ toe te stem tot die verkoping van die plaas deur middel van 'n openbare veiling.
- [12]. Die Meester het sodanige toestemming verleen, onderworpe daaraan dat die plaas nie verkoop sou word onder die markwaarde (soos toe reeds bepaal) daarvan nie.
- [13]. Kennis van die Meester se besluit en ook van die veiling is aan onder andere die applikant gegee. Die applikant het beswaar gemaak teen die veiling. Hy sou vertrek op 'n reis oorsee, maar het vir een van sy drie susters 'n volmag gegee om namens hom die Hof te nader om die veiling te stop. Geen so 'n aansoek is egter deur die betrokke suster gebring nie⁴.

³ 66 van 1965

⁴ Volgens die applikant en die suster as gevolg van regsadvies.

- [14]. Die veiling het in Julie 2014 plaasgevind. Na 'n aanvanklike aanbod deur iemand anders van R1 000.00 per hektaar, is die bod toegeslaan op die tweede respondent se aanbod van R1 500.00 per hektaar.
- [15]. Later gedurende dieselfde maand het die tweede respondent sy aanbod eers verhoog tot R2 600.00 per hektaar en toe later verder tot die waardasiebedrag van die plaas per hektaar. Die veilingsvoorwaardes, en dus die koopkontrak, is toe gewysig om te lees dat die plaas as 'n lopende saak verkoop word en dat beide partye geregistreer was vir belasting op toegevoegde waarde.
- [16]. Die tweede respondent het egter nietemin terselfdertyd in 'n skrywe bevestig dat die roerende goed nie in werklikheid deel van die koopsaak sou wees nie.
- [17]. Die Meester het die gewysigde aanbod aanvaar en het 'n sertifikaat ingevolge artikel 42(2) van die Boedelwet uitgereik en die volmag vir die oordrag van die plaas aan die tweede respondent dienooreenkomstig geëndosseer.

B. AANSOEK

- [18]. Die applikant het toe die Hof genader met die onderhawige aansoek.
- [19]. In Deel A van die kennisgewing van mosie het hy op 'n dringende grondslag versoek dat die oordrag van die plaas aan die tweede

respondent gestop word hangende die beregting van die regshulp versoek in Deel B van die kennisgewing van mosie. Die Registrateur van Aktes is ook gevoeg as die sesde respondent.

- [20]. In Deel B van die kennisgewing van mosie word regshulp versoek tot die effek dat die verkoping van die plaas op die veiling nietig verklaar word en dat die Meester se goedkeuring daarvan⁵ ongedaan gemaak word.
- [21]. In paragraaf 8 van sy funderende eedsverklaring het die applikant verklaar dat hy ondermeer teen die tweede respondent geen regshulp sou versoek nie. Hy het daar verder verklaar dat, sou enige respondent die aansoek opponeer, versoek sou word dat sodanige respondent dan die koste van die aansoek "*gesamentlik en afsonderlik met die eerste en derde respondente*" betaal, wat duidelik impliseer het dat die applikant, in die afwesigheid van opponering van die kant van die tweede respondent, nie 'n kostebevel teen hom sou versoek nie, maar slegs teen die eerste en derde respondente⁶.
- [22]. In teenstelling hiermee is egter in Deel B van die kennisgewing van mosie in die vooruitsig gestel dat 'n kostebevel in elk geval versoek sou word teen nie net die eerste en derde respondente nie, maar ook teen die tweede respondent.

⁵ In die vorm van die sertifikaat ingevolge artikel 42(2) van die Boedelwet en die endossement op die volmag vir oordrag.

⁶ En enige ander respondente wat wel sou opponeer.

- [23]. 'n Aanbod van die tweede respondent om nie die aansoek te opponeer nie, vermoedelik in ruil daarvoor dat geen kostebevel dan teen hom versoek sou word nie, is deur die applikant afgewys. Die tweede respondent het kennis gegee van opponering en 'n antwoordende eedsverklaring afgelewer.
- [24]. Ook die eerste en derde respondente se aanbod om nie te opponeer nie, eweneens op die basis dat die applikant dan nie teen hulle kostebevele sou versoek nie, is deur die applikant afgewys. Inteendeel, die applikant het later in die vooruitsig gestel dat die koste op 'n *de bonis propriis* grondslag van die eerste en derde respondente gevorder sou word. Ook hulle het, toe hulle aanbod afgewys is, die aansoek opponeer en 'n antwoordende eedsverklaring van die eerste respondent is afgelewer. Die eerste en derde respondente het op 'n latere stadium egter hulle opposisie teruggetrek. Ek keer later ook hierna terug.
- [25]. Nòg die Meester nòg die Registrateur van Aktes staan die aansoek teen. Beide van hulle het verslae ingedien.
- [26]. Die oordrag van die plaas is by ooreenkoms agterweë gehou hangende die beregting van Deel B van die kennisgewing van mosie. Wat betref die finale regshulp versoek deur die applikant, was sy saak in fundering, en wat die meriete betref⁷, kortliks:

⁷ In die lig van wat hieronder volg, sal dit egter onnodig wees om op hierdie stadium hieroor te beslis.

- 26.1 dat die toestemming deur die Meester verleen ingevolge artikel 47 van die Boedelwet ongeldig is omdat daar nie in werklikheid 'n kontanttekort in die testateur se boedel bestaan het nie, of in elk geval nie een waarvoor die verkoping van die plaas nodig was nie, en omdat die Meester ook in elk geval geen eie ondersoek gehou het in hierdie verband nie;
- 26.2. dat die verkoping nietig was omdat die voorwaardes bedriegtelik verander is, die bod toegeslaan is op 'n aanbod laer as die minimum neergelê deur die Meester in sy toestemming, die tweede respondent die kans gegee is om ná die veiling 'n verdere aanbieding te maak, die applikant nie so 'n geleentheid gegee is nie⁸ en die applikant se vroeëre aanbod⁹ nie vir doeleindes van die veiling in ag geneem is nie; en
- 26.3 dat die Meester se latere bekragtiging van die verkoping nietig was omdat die Meester nagelaat het om ondersoek in te stel na die verkoping en na die nakoming van die Meester se voorwaardes en omdat die Meester die goedkeuring verleen het onbewus van wat werklik gelei het tot die uiteindelijke sluiting van die koopkontrak tussen die eksekuteur en die tweede respondent.

⁸ Dit is klaarblyklik die applikant se houding dat hy, niteenstaande die feit dat hy nie as 'n potensiële bieder teenwoordig of verteenwoordig was op die veiling nie, op so 'n geleentheid geregtig was.

⁹ Wat volgens hom hoër was as die tweede respondent se vroeëre aanbod aan die eksekuteur sowel as sy aanbiedinge op en ná die veiling; ook dit is egter in dispuut.

C. ARTIKEL 47 VAN DIE BOEDELWET

[27]. Die bepalings van artikel 47 van die Boedelwet, vir soverre hier tersaaklik, lees soos volg:

“Tensy dit met die testament van die oorledene strydig is, moet ‘n eksekuteur goed... verkoop op die wyse en onderworpe aan die voorwaardes wat die erfgename wat ‘n belang in die goed het skriftelik goedkeur: met dien verstande dat-

- a) ...
- b) *indien gemelde erfgename nie kan ooreenkom oor die wyse en voorwaardes van die verkoping nie,*

die eksekuteur die goed verkoop op die wyse en onderworpe aan die voorwaardes wat die Meester goedkeur.”¹⁰

[28]. Die woord *“erfgenaam”* is in artikel 1 van die Boedelwet soos volg omskryf:

¹⁰ My beklemtonings.

*“erfgenaar’ ook ‘n legataris en ‘n begiftigde
ingevolge ‘n donatio mortis causa”.*

- [29]. Na my oordeel is die hele vertrekpunt van die applikant se aansoek in wese ‘n aanval op die Meester se toestemming ingevolge artikel 47. Sy saak is baie duidelik dat die Meester nooit moes toegestem het daartoe dat die plaas per openbare veiling verkoop word nie, omdat daar volgens hom geen kontanttekort was wat so uitgewis moes word nie en omdat volgens hom die Meester gefaal het om in hierdie verband ‘n eie ondersoek in te stel.
- [30]. Dit is ter aanvang van belang om daarop te let dat artikel 47(b) bloot aan die Meester die bevoegdheid verleen om te besluit op welke wyse en op watter voorwaardes bates verkoop sal word. Dit is nie vir die Meester om te besluit of ‘n bate in beginsel verkoop sal word nie. Dié besluit is die besluit van die eksekuteur¹¹.
- [31]. In die onderhawige geval blyk dit dan ook duidelik dat die eksekuteur lank terug reeds besluit het¹² om die plaas te verkoop. Die vroeëre prosedure wat gevolg is van aanbiedinge deur die applikant en die tweede respondent onderling, bevestig dit. Dit was toe daardie metode van verkoping misluk het, en toe die applikant op ‘n stadium sterk standpunt ingeneem het teen ‘n verkoping per

¹¹ *Essack v Buchner NO and Others* 1987 (4) SA 53 (N) op 57C – D; *Davis and Another v Firman NO and Others* 2000 JDR 0619 (N); [2010] JOL 24849 (N)

¹² Duidelik ondersteun deur die Meester.

openbare veiling, wat die eksekuteur die Meester genader het om toe te stem tot 'n verkoping deur middel van 'n openbare veiling.

- [32]. In 'n latere verklaring in antwoord op vrae vroeër gestel deur die Hof, waarna ek eweneens sal terugkeer, het die vierde respondent verklaar dat hy inderdaad ten gunste van 'n verkoping deur middel van 'n openbare veiling was, en het hy 'n afskrif aangeheg van 'n skrywe wat hy in hierdie verband aan die eksekuteur gerig het. Die applikant bevraagteken dit dat die vierde respondent so toegestem het, maar lewer geen kommentaar op die inhoud van die betrokke skrywe nie.
- [33]. Indien die vierde respondent, in sy hoedanigheid as trustee ingevolge die bepalings van die testament en namens die Trust as die legataris, die enigste erfgenaam ten aansien van die plaas en die boerderybates sou wees en ten gunste was van sodanige wyse en voorwaardes van die verkoop van die betrokke goedere, sou geargumenteer kon word dat daar op hierdie scenario geen sprake gewees het van die tweespalt tussen erfgename wat in artikel 47 (b) in die vooruitsig gestel word nie en dat die Meester se voorskrifte in hierdie verband onnodig gewees het.
- [34]. Dit sou dan ontersaaklik wees of die Meester, by oorweging van magtiging ingevolge die bepalings van artikel 47(b), korrek was om te aanvaar dat daar 'n kontanttekort was wat deur die verkoop van die goedere aangespreek moes word.

- [35]. Selfs al was die Meester se magtiging van die betrokke wyse en voorwaardes van verkoping egter ook nodig, sou daar dan op die oog af nie deur die applikant 'n saak daarvoor uitgemaak gewees het dat 'n mistasting aan die kant van die Meester rakende die kwessie van 'n kontanttekort 'n rol kon gespeel het in sy magtiging van 'n openbare veiling bloot as 'n spesifieke wyse van verkoop nie.
- [36]. Die vrae of daar 'n kontanttekort was en, indien wel, of die verkoping van die plaas nodig was om dit aan te spreek, sou op die oog af hoogstens 'n rol kon gespeel het in die beginselbesluit of die plaas enigsins verkoop moes word en dié besluit was, soos reeds gemeld, dié van die eksekuteur, en nie dié van die Meester nie.
- [37]. Die applikant verduidelik nie watter rol die aan- of afwesigheid van 'n kontanttekort sou kon gespeel het in die besluit ten aansien van spesifiek die wyse en voorwaardes van die verkoping nie. Dit kan maklik ingesien word dat dié vraag wesenlik sou wees by die besluit of die plaas enigsins verkoop moes word, eerder as om dit aan die Trust oor te dra, maar die Meester was nie met hierdie besluit belas nie.
- [38]. So gesien, sou geargumenteer kon word dat dit dan irrelevant is of die Meester se voorwaardes op die veiling nagekom is en dat dit dan in elk geval die Meester sou vrygestaan het om van sy kant die verkoping te bekragtig. Dit is in die lig van wat volg egter eweneens onnodig om hieroor te beslis.

- [39]. Nieteenstaande die feit dat die applikant volhou dat die plaas aan die Trust oorgedra moet word, vra hy tog nie vir die tersydestelling van die eksekuteur se besluit om die plaas te verkoop nie.
- [40]. Hy verduidelik ook nie hoe die oordrag van die plaas aan die Trust die probleem tussen hom en die, volgens hom, dislojale tweede respondent gaan oplos nie, of hoe dit hom gaan nader bring aan sy ooglopende begeerte om die plaas alleen te besit nie. Dit egter bloot terloops.
- [41]. Die grondslag waarop die Meester versoek is om 'n verkoping per openbare veiling te magtig, en waarop daardie magtiging volgens die Meester verleen is, was eenvoudig dat die applikant en die tweede respondent "*nie (kon) ooreenkom oor die wyse en die voorwaardes van die verkoping*" van die plaas nie, soos bedoel in artikel 47(b) van die Boedelwet.
- [42]. Dat die applikant en die tweede respondent nie hieroor kon ooreenkom nie, blyk oorvloediglik uit die stukke.
- [43]. Die enigste ander jurisdiksionele voorvereiste vir die uitoefening deur die Meester van die diskresie verleen deur artikel 47(b) sou dan wees dat die persone wat nie so kon ooreenkom nie, inderdaad "*erfgename*" moes wees binne die bedoeling van artikel 47(b). Sou dit nie die geval wees nie, sou die Meester na my oordeel nie regsbevoegd gewees het om, op die basis wat dit wel gedoen is, oorweging te verleen aan die moontlikheid van die magtiging van 'n

bepaalde wyse van verkoop, of van die bepaling van voorwaardes vir daardie doeleindes, nie.

- [44]. Dit sou in elk geval na my oordeel sinneloos wees om oorweging te verleen aan vrae soos of daar inderdaad 'n kontanttekort was¹³, of die Meester self daarna ondersoek ingestel het of moes ingestel het en of daar in elk geval genoegsame roerende bates sou gewees het om sodanige tekort uit te wis (dit wil sê selfs al sou hierdie wel faktore kon gewees het wat oorweeg moes word in die Meester se besluit oor die wyse en voorwaardes van verkoping), indien die Meester in elk geval nie regsbevoegd was om sodanige magtiging te verleen nie.
- [45]. Die vraag of die applikant en die tweede respondent uit hoofde van die testateur se boedel en vir doeleindes van die plaas en die boerderybates "*erfgename*" was, soos bedoel in artikel 47(b), is nie aanvanklik aangespreek in die verskillende eedsverklarings of in die betoogshoofde nie. Omdat hierdie vraag na my oordeel wesenlik belangrik sou wees vir die beoordeling van nie alleen die meriete van die applikant se aansoek nie, maar ook die applikant se *locus standi*, het ek gevolglik op 28 Januarie 2015¹⁴ in hierdie verband die volgende vrae voorgehou aan die onderskeie partye se regsverteenwoordigers en die aansoek uitgestel met verlof om in hierdie verband aanvullende beëdigde verklarings in te dien:

¹³ En, indien wel, op watter stadium.

¹⁴ 'n Vorige verhoordatum.

- 45.1 Was of is die applikant en die tweede respondent erfgename soos bedoel in artikel 47(b) toe die Meester toegestem het tot die verkoping van die plaas deur middel van 'n openbare veiling?
- 45.2 Indien nie:
- 45.2.1 Val die hele basis vir die eerste en derde respondente se versoek¹⁵ en vir die Meester se toestemming nie weg nie?
- 45.2.2 Moes die eerste en die derde respondente nie die samewerking van die vierde respondent as trustee probeer verkry het nie?
- 45.2.3 Moes die vierde respondent nie geken gewees het in die aansoek en die oorweging ingevolge artikel 47(b) nie?
- 45.2.4 Het die reg op die oordrag van die grond en die reg op inspraak in die verkoop van goedere¹⁶ om 'n kontanttekort uit te wis nie op die trustee/s oorgegaan reeds met die afsterwe van die testateur en die totstandkoming van die Trust nie?

¹⁵ Aan die Meester.

¹⁶ Wat bestem was vir die Trust.

45.3 Het die applikant *locus standi* as een van twee begunstigdes in die Trust, terwyl daar nog 'n trustee in plek is?

[46]. Daar is toe aanvullende verklarings ingedien deur die applikant en die eerste respondent¹⁷, en 'n aanvullende verslag is geliasseer deur die Meester. Ook die vierde respondent het 'n eedsverklaring geliasseer in antwoord op die betrokke vrae.

[47]. Die applikant gee in sy aanvullende verklaring toe dat hy en die tweede respondent nie "*in die tegniese sin van die woord*" erfgename was of is soos bedoel in artikel 47(b) nie, maar voer aan dat hy in elk geval ook geregtig sou wees op die verlangde regshulp op die gronde in sy funderende eedsverklaring voorgehou.

[48]. In verdere aanvullende betoogshoofde namens die applikant is egter later die submissies gemaak dat die begrip "*erfgenaam*" in artikel 47 wyd uitgelê moet word om persone in te sluit "*aan wie 'n begunstiging toekom*" ingevolge die betrokke testament en dat "*diegene wat benadeel of bevoordeel kan word deur die wyse of voorwaardes waarop vervreemding plaasvind*" ingevolge artikel 47 inspraak behoort te hê. Ek keer later na hierdie submissies terug.

[49]. Die eerste en derde respondente, wat teen daardie tyd eintlik alreeds hulle opponering teruggetrek het, maar toe aangedui het dat hulle 'n aanvullende verklaring liasseer om die Hof by te staan,

¹⁷ Ook natuurlik namens die derde respondent.

het daarin aan die hand gedoen dat die applikant en die tweede respondent nie erfgename was of is vir doeleindes van artikel 47(b) nie en het in effek toegegee dat hulle verkeerd was om op daardie basis die Meester te nader om magtiging ingevolge artikel 47(b).

- [50]. Dieselfde houding is ingeneem deur die vierde respondent.
- [51]. In 'n aanvullende verslag het die Meester die houding ingeneem dat *"Uit die bewoording van klousule 5.1¹⁸ wys dit dat die trust begunstigdes en die erfgename van hierdie vermelde bates een en dieselfde persone is"* en dat *"konsensus (nie) tussen die 'erfgename/trust begunstigdes' bereik (kon) word nie"*.
- [52]. Ek kan, met respek, nie met hierdie benadering saamstem nie. Die applikant en die tweede respondent was nie erfgename of legatarisse ten aansien van die plaas en die boerderybates nie. Die Trust, of dan die trustee/s namens die Trust, sou dit wel gewees het. Ek keer hierna terug.
- [53]. Die submissies wat in hierdie verband in die verdere aanvullende betoogshoofde namens die applikant gemaak is, en waarna ek reeds hierbo verwys het, is eweneens na my oordeel sonder enige meriete.
- [54]. Die feit dat die testateur in sy testament op 'n paar plekke die woord *"erfgename"* losweg gebruik het, soms ook om te verwys na persone wat regstegnies duidelik nie erfgename was nie, kan tog

¹⁸ Van die testament.

sekerlik nie gebruik word as 'n hulpmiddel om die wetgewer se bedoeling met die woord "*erfgename*" in artikel 47(b), en met die definisie van die woord "*erfgenaam*" in artikel 1 van die Boedelwet, te bepaal nie. Dit gaan nie hier, soos namens die applikant geargumenteer, oor die testateur se bedoeling nie. Dit gaan oor die wetgewer se bedoeling.

- [55]. Die verwysing na die testament se bepalings met betrekking tot die plaas en die boerderybates as synde "*'n bemaking van 'n legaat aan die twee legatarisse hoewel dit ondertussen deur die trustee administreer moet word sodat die langlewende vruggebruik daarop kan geniet en die twee legatarisse ook vir 'n oorgangstyd vruggebruik kan geniet*", eweneens in die gemelde aanvullende betoogshoofde namens die applikant, is 'n duidelike poging om die applikant en die tweede respondent voor te hou as legatarisse, wat hulle dan weens die uitgebreide definisie van die woord "*erfgenaam*" in artikel 1 van die Boedelwet sou beklee met die status van erfgename vir doeleindes van artikel 47(b). Hierdie benadering is egter duidelik verkeerd. Die bemaking van die betrokke bates aan die Trust is 'n legaat aan 'n enkele legataris, naamlik die Trust. Dit kan met geen vlug van die verbeelding terselfdertyd beskou word as 'n legaat aan die uiteindelijke kapitaalbegunstigdes van die Trust nie. Net so kan enige regte wat die applikant as 'n kapitaalbegunstigde van die Trust mag hê tog nie beskou word as die regte van 'n legataris ingevolge die testament nie.

- [56]. Vir soverre die applikant en die tweede respondent beskou kon word as persone wat benadeel of bevoordeel kon word deur 'n wyse en die voorwaardes van 'n verkoping, sou dit aan hulle 'n belang van 'n indirekte aard gee, wanneer opgeweeg teenoor die direkte belang wat die vierde respondent as trustee sou hê om die bates wat die Trust toekom, te beskerm.
- [57]. Die applikant en die tweede respondent is kapitaalbegunstigdes van 'n trust wat eintlik die legataris is in terme van die testament. Hulle is nie self legatarisse nie. Die betrokke bates is nie aan hulle bemaak nie. Dit is aan die Trust bemaak.
- [58]. Die kapitaal van 'n trust word deur die trustee/s administreer en beskerm, in die belang van ondermeer die uiteindelijke kapitaalbegunstigdes. In die geval van 'n testamentêre trust waaraan 'n bate bemaak is, sal die betrokke trustee/s, wat veronderstel is om die bate namens die trust te ontvang en te hou, na my oordeel die persoon of persone wees wat geken behoort te word in die vraag of sodanige bates verkoop moet word en, indien wel, op welke wyse en voorwaardes. Die begunstigdes van so 'n trust sal op hulle beurt die reg en die belang hê dat daardie trustee/s die trust se bate of die waarde daarvan behoorlik beskerm. Dit is egter, soos reeds gemeld, nie die reg of die belang wat die applikant volgens hom, en meer spesifiek ook volgens sy funderende verklaring, hier probeer afdwing nie.

- [59]. Die Meester se vertolking sou die rol en posisie van die vierde respondent, as trustee en verteenwoordiger van die ware legataris ingevolge die testament, en as persoon wat die goedere namens die Trust moes hou, negeer. Dit sou beteken dat die Meester die kapitaalbegunstigdes van die Trust sou beskou as erfgename in die testateur se boedel, eerder as die trustee wat in terme van die testament die goed as bemaking moes ontvang en gehou het.
- [60]. Na my oordeel is of was die applikant en die tweede respondent inderdaad nie erfgename soos bedoel in artikel 47(b) van die Boedelwet nie.
- [61]. Die uitbreiding van die normale betekenis van “*erfgenaam*”¹⁹ waarvoor in die definisie in artikel 1 van die Boedelwet voorsiening gemaak word, is beperk tot ‘n legataris of ‘n begunstigde ingevolge ‘n *donatio mortis causa*, met ander woorde persone wat direk vanuit ‘n boedel bevoordeel word.
- [62]. Die uitbreiding waarvoor die definisie voorsiening maak, is op alle aanduidings beperk tot net die gemelde twee vorme van begunstigdes vanuit ‘n boedel. Daar is geen aanduiding dat die wetgewer bedoel het dat ook verdere vorme van begunstiging uit ‘n boedel, selfs indirekte begunstiging soos byvoorbeeld ingevolge ‘n *fideicommissum*, by die begrip “*erfgenaam*” ingesluit sou wees nie; in elk geval nie vir doeleindes van artikel 47(b) nie.

¹⁹ Vergelyk *Matambo v Matambo* 1969 (3) SA 717 (RA) op 719A - B

D. LOCUS STANDI

- [63]. In hulle verklarings in reaksie op my voormelde vrae het nie net die eerste en derde respondente nie, maar ook die vierde respondent, die houding ingeneem dat die applikant, in die lig van die bepalings van artikel 47 (b) en die feit dat hy nie vir doeleindes daarvan 'n "erfgenaam" is nie, nie *locus standi* het om die regshulp in die kennisgewing van mosie te vorder op die basis wat dit hier gedoen word nie.
- [64]. Dit is so dat die eerste en derde respondente nie langer opponeer nie²⁰, en dat die vierde respondent nog nooit opponeer het nie. Die tweede respondent het nie 'n aanvullende verklaring ingedien nie, en daar is nie namens die tweede respondent by die aanhoor van hierdie aansoek enige submissies gemaak rakende die applikant se *locus standi* nie.
- [65]. Die Hof sou egter in elk geval geregtig gewees het om *mero motu* die kwessie van *locus standi* te opper²¹.
- [66]. Dit was vir die applikant om aan te toon dat hy *locus standi* het vir doeleindes van sy aansoek, met ander woorde vir die regshulp wat hy versoek en op die basis wat hy dit versoek, en hy moes sodanige saak reeds in fundering uitgemaak het²².

²⁰ Minstens dan nie wat die meriete betref nie, maar ek keer later hierna terug.

²¹ *Standard General Insurance Co. Ltd v Gutman N.O. and Others* 1981 (2) SA 426 (C) op 436H - I

²² Vergelyk *Mars Incorporated v Candy World (Pty) Ltd* 1991 (1) SA 567 (A) op 575H-I; *Newton Global Trading (Pty) Ltd v De Corte and Another* 2015 (3) SA 466 (GP) para [16]; *Nedbank Limited v Sheriff of the High Court, Roodepoort* 2014 JDR 1633 (GJ) para's [4] – [6]; *Giant Concerts CC v*

[67]. Die applikant het nêrens in sy funderende eedsverklaring eers 'n pertinente bewering gemaak dat hy *locus standi* het nie, nog minder het hy beweringe gemaak wat duidelik gemik was daarop dat 'n afleiding in hierdie verband gemaak kon word. Hy het homself wel beskryf as "*direkte belanghebbende wat 'n direkte en wesenlike belang by die aangeleentheid het*", maar hy het nie op hierdie bewering uitgebrei of dit gesubstansieër nie. Wanneer nietemin in die funderende eedsverklaring gesoek word vir iets wat moontlik as basis sou kon dien vir 'n bevinding dat die applikant wel *locus standi* het, kan die volgende beweringe in die funderende eedsverklaring oorweeg word:

- 67.1 Die applikant het uitgelig dat hy en die tweede respondent in terme van die testament kapitaalbegunstigdes is van 'n testamentêre trust waarheen die plaas en boerderybates moes gaan by afsterwe van die testateur.
- 67.2 Verder het die applikant daarop gewys dat hy en die tweede respondent vir 'n periode van twee jaar ná die afsterwe van die testatrise vruggebruik sou hê van die gemelde bates.
- 67.3 Met verwysing na die feit dat die Meester se besluit geneem is omdat "*Die erfgename*²³ nie daarin (slaag) om 'n ooreenkoms te bereik met betrekking tot die metode van

Minister of Local Government, Housing and Traditional Affairs, Kwazulu-Natal 2011 (4) SA 164 (KZP) para [16]

²³ My beklemtoning.

verkoping nie", het die applikant bevestig dat daar "'n *onverkwiklike dispuut*" tussen hom en die tweede respondent bestaan. Die afleiding sou moontlik uit hierdie gedeelte van die funderende eedsverklaring gemaak kon word dat die applikant homself en die tweede respondent inderdaad in fundering beskou het as erfgename.

- 67.4 Die applikant het verklaar dat hy nog altyd 'n "*hegte emosionele band*" met die plaas gehad het, en volgens hom die tweede respondent nie.
- 67.5 Die applikant het verklaar dat hy, anders as die tweede respondent, op die plaas woonagtig was toe hy gematrikuleer het.
- 67.6 Die applikant het verder verklaar dat hy 'n baie hegte band met sy ouers gehad het.
- 67.7 Hy het verder verklaar dat hy onderherstelbare skade sou ly as "*die kooptransaksie ingevolge waarvan ek die plaas koop*" nie suksesvol sou wees nie en dat hy die plaas vir sy nageslag wil behou.
- 67.8 Verder is dit die applikant se saak dat hy die plaas "*permanent sal verloor*" indien die regshulp in Deel B van die

kennisgewing van mosie nie aangehoor, en by implikasie toegestaan, word nie.

- [68]. Vir soverre die applikant mag beweer het dat hy 'n erfgenaam is in die testateur se boedel, en wel vir doeleindes van die plaas en die boerderybates, sou hy in die lig van die voorgaande duidelik verkeerd wees en sou hy nie op hierdie basis *locus standi* kon hê nie.
- [69]. Dit is onduidelik wat die applikant bedoel met sy verwysing na 'n "*kooptransaksie ingevolge waarvan (hy) die plaas koop*". Daar bestaan geen so 'n transaksie nie. Sy aanbod²⁴ is nie deur die eksekuteur aanvaar nie. Hy vra, en tereg so ook, nie in hierdie aansoek dat uitvoering gegee moet word aan enige gewaande "*kooptransaksie*" nie.
- [70]. Dit kan ook ooglopend nie korrek wees dat die verkoping van die plaas en die oordrag daarvan aan die tweede respondent daartoe sal lei dat die applikant die plaas "*verloor*" nie. Hy het dit nog nooit gehad nie. Selfs as kapitaalebegunstigde van die Trust, en indien die plaas na die Trust oorgedra sou gewees het, sou die applikant nooit 'n reg op alleen-eienaarskap van die plaas en van die boerderybates gehad het nie. Die eenvoudige rede hiervoor is dat hy nie, vir doeleindes van die kapitaal van die Trust, die enigste kapitaalebegunstigde sou wees nie. Op die beste vir hom sou hy dus

²⁴ Ek vind dit onnodig om hier te beslis of dit in elk geval 'n aanbod was waarvan die blote aanvaarding sou kon gelei het tot 'n geldige koopkontrak.

by beëindiging van die Trust op mede-eienaarskap, saam met die tweede respondent, geregtig gewees het. Selfs dit is egter nie 'n uitdruklike bepaling van die testamentêre Trust nie; bloot dat die kapitaal, soos wat dit daaruit sou sien by beëindiging van die Trust, aan die twee van hulle betaal moes word.

- [71]. Die applikant en die tweede respondent se vruggebruik het reeds lank voordat hy die aansoek geloods het al geëindig, en geen verdere oorweging hoef dus daaraan verleen te word met betrekking tot die vraag of die applikant *locus standi* het nie.
- [72]. Dat die applikant hegte bande met die plaas mag hê en met sy ouers mag gehad het, is totaal irrelevant vir doeleindes van die vraag of die applikant *locus standi* het, net soos waar hy woonagtig was toe hy gematrikuleer het. Ek kan my inteendeel nie indink wat die relevansie daarvan ook eers op die meriete van die aansoek sou gewees het nie. Dieselfde geld vir waar hy en die tweede respondent onderskeidelik woonagtig was op die stadium toe hulle gematrikuleer het; iets wat 'n mens in elk geval verwag besluit sou gewees het deur die ouers.
- [73]. Dit laat dan die bewering, en die feit, dat die applikant 'n kapitaalbegunstigde is van 'n testamentêre trust waarin die plaas en die boerderybates ingevolge die testament gehou moes word tot beëindiging van daardie trust.

- [74]. Die Trust is natuurlik nog nie beëindig nie. Die teendeel is ook nooit betoog nie. Die regshulp wat die applikant verlang, slaan alles op bates wat die Trust toekom as legataris en as direkte begunstigde ingevolge die testament. Die plaas en die boerderybates is tog nie bates waarop die applikant 'n direkte aanspraak het nie; minstens nie waar die Trust nog bestaan nie. Dit is die Trust wat die onmiddellike reg sou hê op regshulp om daardie bates te beskerm.
- [75]. So gesien, is die applikant se aansoek in effek een namens die Trust, en in die plek van die vierde respondent as trustee. Die algemene reël is dat 'n begunstigde van 'n trust nie *locus standi* sou hê om onder sodanige omstandighede te litigeer nie²⁵. Die enigste uitsondering hierop sou wees waar die begunstigde 'n saak sou kon uitmaak daarvoor dat die trustee/s, in 'n pligsversuim, nie die stappe neem of sal neem om die bates te beskerm nie²⁶. Hier het die applikant geen so 'n saak uitgemaak nie, allermins in fundering.
- [76]. Die applikant sou nie nou in hierdie verband kon steun op die feit dat die vierde respondent in sy latere verklaring duidelik gemaak het dat hy ten gunste van die verkoop per openbare veiling was en sou nie kon argumenteer dat die vierde respondent dus nie van sy kant af die regshulp sou vorder wat die applikant nou vorder nie. Die redes hiervoor is eerstens dat die applikant sy saak ten aansien van *locus standi* reeds in fundering moes uitgemaak het en

²⁵ Vergelyk *Mariola and Others v Kaye-Eddie N.O. and Others* 1995 (2) SA 728 (W); *Gross and Others v Pentz* 1996 (4) SA 617 (A)

²⁶ *Gross and Others v Pentz*, *supra*, op 632F

tweedens dat die applikant in sy aanvullende repliserende eedsverklaring in elk geval sodanige bewering van die vierde respondent betwis. Hierdie argument is dan ook nooit namens die applikant gevoer nie.

- [77]. Daar is wel in argument namens die applikant verwys na die beslissings van **Jacobs en 'n Ander v Waks en Andere**²⁷ en **Kolbatschenko v King NO and Another**²⁸ en aan die hand gedoen dat, waar die applikant versoek dat besluite van die Meester op hersiening tersydegestel word, die applikant bloot 'n voldoende belang hoef te hê in die verlangde regshulp²⁹. Dit is ook in die betrokke beslissings egter juis uitgelig dat om so 'n voldoende belang daar te kan stel, die belang direk van aard moet wees, en ook dat die vraag of die belang voldoende is, sal afhang van die feite van elke bepaalde geval.
- [78]. Hier, soos reeds gemeld, is die Trust se belang in die bates (en gevolglik in die gevraagde regshulp) die direkte een, en nie die belang van die applikant nie.
- [79]. Voorts is die feite van hierdie bepaalde geval dat dit gaan om die *locus standi* van 'n trustbegunstigde en ek is nie verwys na gesag dat 'n trustbegunstigde se belang in omstandighede soos hierdie, waar daar 'n trustee in plek is en waar daar geen saak in fundering deur die applikant uitgemaak is dat die trustee sy pligte versuim het of

²⁷ 1992 (1) SA 521 (A)

²⁸ 2001 (4) SA 336 (C)

²⁹ Sien ook **Jeeva and Another v Tuck NO and Others** 1998 (1) SA 785 (SE)

sal versuim nie, direk genoeg en voldoende sal wees om aan daardie trustbegunstigde *locus standi* te verleen nie.

[80]. Daar is voorts namens die applikant geargumenteer dat, indien die plaas by die veiling verkoop is vir minder as wat dit werd was, die omvang van die applikant se kapitaalbelang in die Trust uiteindelik kleiner gaan wees as wat dit kon gewees het. Dit sou ongetwyfeld korrek wees, maar die verminderende effek sou allereers en meer direk die Trust tref, terwyl dit nog bestaan as die regsfiguur wat eintlik volgens die testamentêre bemaking geregtig is op daardie bate in sy volle waarde. Die tersydestelling van so 'n verkoping (en van die sertifikaat en endossement ingevolge artikel 42), en die behoud in die boedel van 'n bate wat meer werd is as die koopsom van die verkoping, sou dus 'n direkte effek inhou vir die Trust (soos verteenwoordig deur die vierde respondent) en 'n indirekte effek vir die applikant se uiteindelijke kapitaalbelang in die Trust.

[81]. Ek hoef nie nou te beslis of dit wat in werklikheid verkoop is nie in elk geval tog teen markwaarde verkoop is nie³⁰. Ook hoef daar in die lig van die voorgaande (en van wat volg) nie oorweging verleen te word nie aan die argument namens die applikant dat, omdat die koopkontrak lees³¹ dat die plaas as 'n lopende saak aan die tweede respondent verkoop word, en omdat die normale betekenis hiervan is dat die koopsaak dan roerende goedere sou insluit (wat deel is

³⁰ Wat natuurlik sou beteken dat 'n tersydestelling van die verkoping nie 'n hoër kapitaalwaarde sou laat vir enige van die Trust of die applikant nie.

³¹ Ná 'n wysiging wat ná die veiling en by uiteindelijke sluiting van die kontrak aangebring is aan die konsep wat as veilingsvoorwaardes gedien het, om so 'n term in te sluit.

van daardie saak en besigheid), daar ook hier aanvaar moet word dat die plaas sowel as die roerende goedere inderdaad toe verkoop is aan die tweede respondent³² (nieteenstaande die feit dat die tweede respondent reeds toe skriftelik bevestig het dat die roerende goed in hierdie geval ongeag die betrokke ingevoegde term in die kontrak nie deel van die koopsaak was nie)³³.

[82]. In elk geval sou hierdie argument moeilik versoenbaar wees met die argument wat eweneens namens die applikant gevoer is dat die betrokke term later bedriegtelik ingesluit is om valslik aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens ("SAID") voor te gee dat 'n lopende saak, wat die roerende bates insluit, verkoop is³⁴. Hoe kan daar in die een asem geargumenteer word dat die term as eg beskou moet word wanneer die waarde van die koopsaak beoordeel word, en in dieselfde asem dat die inhoud van die term vals is en ingevoeg is om die SAID te bedrieg?

[83]. Wat die applikant hier probeer doen, op sy eie beweringe en om terug te keer na die kwessie van *locus standi*, is om die Trust se regte op so 'n manier te probeer afdwing as wat dit hom persoonlik die beste sal pas en bevoordeel. Dit is onhoudbaar.

³² Wat sou meebring dat die uiteindelik ooreengekome koopsom minder sou wees as die totale waarde van die plaas sowel as die roerende bates.

³³ Ek ag dit dan ook onnodig om te oorweeg of die applikant, wat nie 'n party was tot die koopkontrak nie, hom sou kon beroep op die terme van die kontrak en die partye tot daardie kontrak gebonde sou kon hou aan die uitdruklike inhoud daarvan; Vergelyk *Aussenkehr Farms (Pty) Ltd v Trio Transport CC* 2002 (4) SA 483 (SCA)

³⁴ Die eerste respondent se bewering dat die SAID juis aanbeveel het dat die term ingevoeg word, is in repliek begroet met 'n blote ontkenning. Die bewering is oënskynlik nooit deur die applikant opgeneem met die SAID nie.

[84]. Ek kom dus tot die gevolgtrekking dat die applikant op die saak deur hom uitgemaak in fundering nie *locus standi* het nie en dat sy aansoek op hierdie basis afgewys behoort te word.

E. KOSTE

[85]. Dit bring my by die aspek van koste. Die normale gevolg van die afwysing van 'n aansoek op hierdie basis sou sekerlik wees dat die onsuksesvolle litigant die koste dra van die ander litigante.

[86]. Daar is beslis geen basis waarop die tweede respondent met koste belas behoort te word nie. Die applikant het, met die verwarrende inhoud van sy funderende eedsverklaring en kennisgewing van mosie met betrekking tot of 'n kostebevel teen die tweede respondent versoek sou word, die tweede respondent in 'n onhoudbare posisie geplaas.

[87]. Toe die tweede respondent gepoog het om dit op te klaar, deur aan te bied om nie te opponeer nie in ruil daarvoor dat die applikant dan nie teen hom 'n kostebevel versoek nie, het die applikant daardie aanbod afgewys. In die aanvanklike betoogshoofde namens die applikant is hierdie houding van die applikant geregverdig deur die tweede respondent te beskryf as die "*kern van die probleem*". Dit is egter onversoenbaar met die inhoud van die applikant se aanvanklike repliserende eedsverklaring, in antwoord op die antwoordende eedsverklaring van die eerste en derde respondente.

Daarin het hy onomwonde verklaar dat die *“aansoek en dus koste is genoodsaak deur die optrede van die eerste en derde respondente”* en dat *“Die kern van die dispuut lê beslis nie tussen my en Dr Ian³⁵ nie. ... Die kern van die dispuut is daarin geleë dat die eksekuteur nie sy werk behoorlik doen ... nie”*.

- [88]. Nou verkwalik die applikant die tweede respondent daarvoor dat hy toe voortgegaan het om volledig te antwoord op die applikant se saak en dat hy in konklusie versoek het dat die applikant se aansoek afgewys word. Die omvang van die applikant se aanvanklike beweringe teen die tweede respondent het hom na my oordeel met geen ander keuse gelaat as om, terwyl hy homself in elk geval teen 'n kostebevel moes verweer en as deel daarvan, volledig te antwoord op die applikant se beweringe nie. Daar is in elk geval ook nie van die kant van die applikant aan die hand gedoen waar presies die tweede respondent dan, om hom teen die kostebevel te verweer, die streep moes getrek het met sy antwoordende eedsverklaring nie.
- [89]. Die tweede respondent het van die begin af nie aktief en werklik die meriete van die applikant se aansoek opponeer nie. In die betoogshoofde namens die tweede respondent wat aanvanklik geliasseer is, is geen submissies gemaak oor die meriete van die applikant se aansoek nie. Nieteenstaande die feit dat die tweede respondent ook nie daarna 'n verdere verklaring of betoogshoofde geliasseer het in reaksie op die Hof se voormelde vrae nie, het die

³⁵ 'n Verwysing na die tweede respondent.

applikant enduit volgehou met sy houding dat die tweede respondent vir sy koste verantwoordelik gehou moes word; klaarblyklik dan ook vir die applikant se koste ná 28 Januarie 2015. Ook in die uiteindelijke argument namens die tweede respondent by die aanhoor van die aansoek is nie 'n enkele submitisie gemaak oor die meriete nie. Om in hierdie omstandighede te gelas dat die tweede respondent enige van sy koste self moet dra, sou na my oordeel onbillik wees.

- [90]. Die argument namens die applikant, op die aspek van koste ook, dat die tweede respondent met die verandering in die koopkontrak betrokke was by bedrog teenoor die SAID kan nie opgaan nie. Soos wat ek reeds te kenne gegee het, is daar op die beste vir die applikant hieroor 'n feitedispuut³⁶.
- [91]. Dit bring my, wat koste betref, by die eerste en derde respondente, en by die vraag of die applikant ook vir hulle koste aanspreeklik behoort te wees.
- [92]. Ook hulle aanvanklike aanbod om nie die aansoek te opponeer nie, in ruil daarvoor dat geen kostebevel teen hulle versoek word nie, is summier afgewys deur die applikant. Hulle het toe, soos reeds gemeld, 'n antwoordende eedsverklaring afgelewer.
- [93]. Voor die verhoordatum van 28 Januarie 2015 het die eerste en derde respondente hulle opponering teruggetrek. Hulle aanbod om

³⁶ Sien voetnoot 30 hierbo.

die applikant se party en party koste te betaal, oënskynlik in hulle verteenwoordigende hoedanighede en dus eintlik vanuit die testateur se boedel, is ooglopend nie deur die applikant aanvaar nie. Of die opponering teruggetrek is en die aanbod gemaak is weens die feit dat daar in betoogshoofde namens die applikant en in sy repliserende eedsverklaring in die vooruitsig gestel is dat versoek sou word dat hulle *de bonis propriis* koste betaal, is nie nou tersaaklik nie.

- [94]. Hulle het egter wel later betoogshoofde laat indien, daarvolgens om te handel met die applikant se houding dat hulle *de bonis propriis* koste moes betaal en om te antwoord op my voormelde vrae.
- [95]. Blykens die betoogshoofde sou die eerste en derde respondente steeds nie die regshulp versoek in die kennisgewing van mosie opponeer nie, hoewel nie 'n enkele submitisie rakende die meriete daarvan gemaak word nie.
- [96]. Ook is geen submitisie daarin gemaak ten aansien van die applikant se *locus standi* nie; dit terwyl die eerste en derde respondente in hulle aanvullende antwoordende eedsverklaring die houding ingeneem het dat die applikant nie *locus standi* het nie. By die aanhoor van die aansoek is daar egter namens hulle wel die submitisie gemaak dat die applikant nie *locus standi* het nie.
- [97]. Dit is so dat die eerste en derde respondente misgetas het deur die Meester ingevolge artikel 47(b) te nader asof die applikant en die

tweede respondent erfgename was. Indien hulle dit nie gedoen het nie, sou daar moontlik nooit sprake gewees het van 'n magtiging deur die Meester van 'n openbare veiling of van die nie-nakoming van voorwaardes neergelê deur die Meester nie.

- [98]. Dit is egter baie duidelik dat die applikant steeds die Hof sou genader het op die basis dat die veiling in elk geval onreëlmatiglik geskied het en dat die eerste en derde respondente se verkoping van die plaas aan die tweede respondent tersyde gestel moes word, regshulp waarvoor hy soos reeds bevind nie *locus standi* sou gehad het nie.
- [99]. Daar is ook nooit geargumenteer dat die eerste en derde respondente onredelik was in hulle mistasting ten aansien van artikel 47(b) nie. Dit is dan ook verstaanbaar, want die Meester het dieselfde fout begaan, en so ook die applikant toe hy hierdie aansoek klaarblyklik geloods het op die veronderstelling dat hy en die tweede respondent "*erfgename*" was vir doeleindes van die aanval op die magtiging deur die Meester.
- [100]. Die magdom van ernstige en selfs lasterlike beweringe van die applikant teen die eerste en derde respondente het hulle, veral toe hulle aanvanklik bereid was om buite-om hierdie hofproses daarmee te handel maar gekonfronteer is daarmee dat 'n

kostebevel versoek sou word³⁷, eintlik weinig ander keuse gelaat as om daarop te antwoord.

- [101]. Of daar in enige van daardie beweringe waarheid steek, is nie nou nodig om te beslis nie. Dit het niks te doen met die applikant se gebrek aan *locus standi* nie. Ek dink in elk geval heelwat daarvan was hoegenaamd nie tersaaklik of nodig vir die applikant se saak, op die basis wat die Hof wel deur hom genader is, nie.
- [102]. Daar was dus na my oordeel niks onredelik in die eerste en derde respondente se aanvanklike opponering van die aansoek nie.
- [103]. Selfs al sou die eerste en derde respondente se tender van koste tot op die einde bly staan het, sou dit vanselfsprekend net relevant gewees het indien die applikant suksesvol was. Dit is dan ook in argument namens hulle duidelik gemaak. Daar kan tog nie verwag word dat hulle, hetsy in hulle verteenwoordigende of in hulle persoonlike hoedanighede, moet koste dra vir 'n aansoek wat weens die applikant se gebrek aan *locus standi* van die begin af gedoem was nie.
- [104]. Die applikant het dit later, deur die houding in te neem (en daarmee te volhard) dat koste *de bonis propriis* teen hulle versoek sou word, vir die eerste en derde respondente eintlik onmoontlik gemaak om

³⁷ Dit moet in gedagte gehou word dat op daardie stadium (voordat later die houding ingeneem is dat koste *de bonis propriis* teen die eerste en derde respondente versoek sou word) en toe die applikant hulle aanvanklike aanbod (om nie te opponeer nie) afgewys het, die applikant se aanvanklike bede sou beteken het dat die boedel van die testateur sodanige koste sou dra. Die aflewering van die eerste respondent se aanvanklike antwoordende verklaring het teen hierdie agtergrond geskied. Die eerste en derde respondente is ook eers later bewus gemaak van die Hof se vrae oor artikel 47 (b) en oor die applikant se *locus standi*.

te volstaan by die terugtrek van hulle opponering en terug te staan. Hulle kan nie na my oordeel verkwalik word daarvoor dat hulle, wanneer hulle in die uitvoering van hulle werksaamhede bedreig word met so 'n tipe bevel, stappe neem om hulle te verweer nie.

[105]. Dit is so dat hulle nie toe weer na my kennis formeel kennis gegee het van opponering nie, maar dit het baie duidelik geblyk uit hulle latere verklaring en betoogshoofde dat hulle so 'n bevel opponeer.

[106]. Namens die applikant is baie gewag gemaak van die feit dat die eksekuteursfooi uit die boedel geneem is op 'n stadium toe die boedel nog nie afgehandel was nie. Hierdie optrede is verduidelik. Volgens die eerste en derde respondente was die finale likwidasië – en distribusierekening afgehandel en was hulle onder die indruk dat die bekragtiging daarvan, en dus die finalisering van die boedel, as 'n blote en noodwendige formaliteit daarna sou volg. Hulle het nie die vertraging en komplikasies daarna voorsien nie. Hulle het die fooi reeds terugbetaal en het aangebied om enige rente daarop wat verlore mag gegaan het van hulle uiteindelijke fooi af te trek. Ek sien geen basis om hulle of die boedel te belas met koste wat immers nie deur die voortydige aftrek van die fooi veroorsaak is nie, maar deur die applikant se volharding met 'n abortiewe aansoek, en met sy houding rakende koste.

- [107]. Na my oordeel is ook die eerste en derde respondente dus geregtig op hulle koste, en veral dan in hulle verteenwoordigende hoedanighede en namens die boedel.
- [108]. Wat die vierde respondent betref, en selfs al sou die applikant suksesvol gewees het, sou daar geen rede gewees waarom hy in sy hoedanigheid as trustee enige koste moet dra nie. Hy het ook nooit opponeer nie, dalk gelukkig vir die applikant, en gevolglik is daar ook nie sprake van koste aan sy kant nie. Ek sê dat dit dalk gelukkig vir die applikant is, want veral nadat die vierde respondent op uitnodiging van die Hof 'n eedsverklaring geliasseer het, en die inhoud daarvan duidelik nie was wat die applikant wou hoor nie, het die vierde respondent ook nie die applikant se skerp tong gespaar gebly nie³⁸. Ek vind die applikant se beledigende opmerking tot die effek dat die vierde respondent nie geskik is om te dien "*as trustee van trust met begunstigdes wat oor akademiese kwalifikasies beskik nie*" verwaand en aanmatigend. Dit is 'n opmerking wat geen bydrae kon lewer tot die beregting van hierdie aansoek nie en waarvan die doel noodwendig slegs kon wees om te beledig en te kwets. Ek hoop van harte dat dit sonder of strydig met regsbystand of –advies deel van die applikant se betrokke verklaring gemaak is.
- [109]. Dit is gemenesaak dat die koste van die uitstelte van 1 Oktober 2014 en 28 Januarie 2015 koste in die aansoek sal wees. Die laaste uitstel

³⁸ Die applikant se verklarings en korrespondensie is oor die algemeen gekenmerk deur venyn, beledigings en ernstige beskuldigings.

op 9 Junie 2015 was nie aan die toedoen van enige van die partye te wyte nie en daar behoort elke party sy eie koste te dra.

[110]. Ek besef dat die bevel wat volg heel moontlik nie die bereddering van die boedel en die uiters ongelukkige vete tussen die applikant en die tweede respondent tot 'n einde gaan bring nie. Dit sal uiters jammer en onnodig wees, want mens sou verwag dat die applikant en die tweede respondent, as INTELEGENTE persone en as broers vir wie hulle ouers bedoel het om uiteindelik deur die bemaking te bevoordeel, die geskil kan bylê.

[111]. In die omstandighede word die volgende bevel hierin gemaak:

**DIE AANSOEK WORD AFGEWYS MET KOSTE, MET INSLUITING VAN
DIE KOSTE VAN 1 OKTOBER 2014 EN 28 JANUARIE 2015.**



**C J OLIVIER
REGTER
NOORD-KAAPSE AFDELING**

Nms Applikant: Adv F W A Danzfuss SC
In opdrag van: Elliott Maris Wilmans & Hay, Kimberley.

Nms 2de Respondent: Adv A S Sieberhagen
In opdrag van: Hugo Mathewson & Oosthuizen Ing, Kimberley.

Nms 1ste & 3de Respondente: Adv A G Van Tonder
In opdrag van: Duncan & Rothman Ing, Kimberley.